

FUNKSIE

- PISTIESE
- ETIESE
- JURIDIESE
- ESTETIESE
- EKONOMIESE
- SOSIALE
- LINGUALE
- HISTORIESE
- LOGIESE
- PSIGIESE
- BIOTIESE
- FISIES-CHEMIESE
- KINEMATIESE
- RUIMTELIKE
- GETAL

AKTSTRUKTUUR

SENSITIEWE STRUKTUUR

BIOTIESE STRUKTUUR

FISIES-CHEMIESE  
LIGGAAMSTRUKTUUR

GRONDWET

- (GELOOF EN VERTRoue)
- (MORELE LIEFDE)
- (VERGELDING)
- (SKONE HARMONIE)
- (BESPARING)
- (OMGANG EN VERKEER)
- (TAAL EN SIMBOLE)
- (KULTUURVORMING)
- (AWALTIIESE DENKE)
- (SINNELIKE GEVOEL)
- (ORGANIESE LEWE)
- (ENERGIEWERKING)
- (BEWEGING)
- (KONTINUE UITGEBREIDHEID)
- (ONDRSKREIE HOEWELHEID)



RELIGIEUSE RIGTING  
OP GOD

RELIGIEUSE RIGTING  
OP AFKOD

**DIE MOTIVERING VAN GEDRAG EN DIE BETEKENIS  
DAARVAN VIR DIE OPVOEDING — ENKELE GROND-  
LIGGENDE PERSPEKTIEWE EN PROBLEME**

Intreerede van professor P.A.E. Hoffman,  
Departement Psigopedagogiek,  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT  
BLOEMFONTEIN

**ISBN 0 86886 181 2**

*Geagte meneer die Vise-rector,  
meneer die Dekaan,  
Raads- en Senaatslede,  
kollegas,  
dames en here*

## **1. INLEIDING**

As Christelik-normatiewe wetenskap wil die Psigopedagogiek (Opvoedkundige Sielkunde) in noue aansluiting by die ander deeldisiplines van die Pedagogiek onder andere noodsaaklike wetenskaplike kennis versamel en besin oor die kind wat opgevoed word deur sy ontwikkelingstadia heen tot mondigheid. Sodanige trag dié vak om 'n werklikheidsgetroue en dus Skrifgetroue kindbeeld daar te stel. Insgelyks aanvaar dit dan ook medeverantwoordelikheid om studente toe te rus om hul taak as opvoedende onderwysers meer doeltreffend te kan verrig.

Een van die mees grondliggende maar ook die mees problematiese temas waaroor besin moet word, is juis die onderwerp van rede. Die begrip "motiveering" impliseer benewens 'n toestand van gemotiveerdheid onder andere twee korrelerende begrippe, naamlik "motief" en "motiveer". Die woord "motiveer" is afgelei van die Latynse woord "movére" wat beteken "om te beweeg". In sy huidige betekenis in die gedragswetenskappe het motiewe dan ook betrekking op die bewegegredes van die mens vir sy handelinge.

## **2. PROBLEMATIEK**

Die motiewe van mense vir hul gedrag kan in talle kategorieë ingedeel word. Vir elke kultuurgemeenskap kan daar byvoorbeeld onderskei word tussen enersyds dié motiewe wat oor die algemeen as gewens en aanvaarbaar beskou word en andersyds dié motiewe wat as ongewens beskou word. Uit die aard van die saak het 'n mens normatiewe kriteria nodig vir sodanige onderskeidings. Ek sal dan ook trag om in dié rede deur te dring tot die mees fundamentele kriteria in hierdie verband.

Die probleem vir beide die leek en die wetenskaplike ondersoeker is egter dat daar groot meningsverskil bestaan ten opsigte van hierdie kriteria en dus ten opsigte van motiewe. Nie alleen word groot verskille tussen verskillende kultuurgemeenskappe aangetref nie, maar binne dieselfde gemeenskap word ook groot verskille aangetref. 'n Mens dink hier onwillekeurig aan die fundamentele meningsverskil wat binne ons Westerse samelewings aangetref word ten opsigte van die Christelike diensmotief as primêre motief (ook in die besigheidslêwe) aan die een kant en aan die ander kant die winsmotief waar eiebelang primêr is en waar die medemens selfs uitgebuit mag word.

In hoofsaak moet die Christen dus onderskei tussen Christelik-aanvaarbare motiewe en humanisties-geïnspireerde motiewe. Met betrekking tot die Christelike motiewe behoort daar weinig meningsverskil te wees; tog is dit 'n droewige feit dat ook hier radikale verskille voorkom. Dink maar net aan die fundamentele verskille wat lewensbeskoulike uitgangspunte soos die skolastiese grondmotief van natuur en genade enersyds, teenoor die Koninkryksgedagte in die Reformatoriese strewe tot verchristeliking van die totale samelewing andersyds, sal uitoefen op die beskouinge aangaande onder andere die bestaansrede en lewenswyse van die mens en dus aangaande sy motiewe

met sy daaglikse handelinge. Die skolastiese grondmotief lei naamlik onder andere tot 'n verskraalde verkerkliking van die samelewing en lewer derhalwe die nie-kerklike terreine soos byvoorbeeld die sogenaamde sekulêre beroepe, die gesinslewe, die onderwys en wetenskapsbeoefening aan die humanistiese grondmotief van natuur en vryheid uit. Daarenteen beklemtoon die Reformatoriese beskouing onder andere die beoefening van alle beroepe as gelykwaardige Christelike roepings, met as primêre motief die eer van God.

Daar kan met groot sekerheid aanvaar word dat die denkende mens van alle tye intens geïnteresseerd was in die motiewe wat ten grondslag van menslike gedrag lê. Nie alleen is dit een van die interessantste en betekenisvolste fasette van die mens nie, maar dit vorm een van die beslissendste kriteria vir **mensekennis**.

Ondanks hierdie volgehoue belangstelling en navorsing is ons kennis van die mens se motiewe egter nog vaag en spekulatief. Dit is veral te wyte aan die feit dat ons kennis van die menslike natuur en persoonlikheid nog ontoereikend is. Ons begrip van die motiewe van die mens is dan ook onlosmaaklik verbonde aan ons mensbeskouing. In die ganse geskape werklikheid is die mens egter die mees gekompliseerde wese en hy leen hom swak tot ontleding. Tog is daar talle wetenskaplikes wat oormoedig die standpunt huldig dat die mens bloot deur aanhoudende wetenskaplike navorsing volledig ontleed en geken sal kan word indien dit, volgens hul mening, nie alreeds gebeur het nie.

Daar sou natuurlik baie groter vordering gewees het in die bereiking van die ideaal om tot volledige kennis van die mens te kom indien wetenskaplikes hul uitgangspunt konsekwent in die Woordopenbaring geneem het. Dit het egter juis nie gebeur nie aangesien daar van meet af aan van 'n sogenaamde "neutrale" wetenskapsbeskouing uitgegaan is waar die standpunt (of is dit geloof?) gehuldig is dat die Skrif, religie, geloof, ensovoorts niks of weinig met objektiewe wetenskaplike navorsing te make het nie.

Die feit dat die mens 'n multidimensionele samestelling het en dat alle gedragsuitingselemente van elk van hierdie dimensies bevat, bring mee dat wetenskaplikes dikwels slegs een van die dimensies of aspekte as model en uitgangspunt neem. Gevolglik word alle ander aspekte tot hierdie aspek herlei en gereduseer. 'n Belangrike rede vir hierdie reduksionistiese benadering is dat die navorser hom laat lei deur die materiaal tot sy beskikking en die toepaslikheid van sy hulpmiddels soos toetse, metings, ensovoorts. Verder verkies die navorser om sy studieveld so beperk en afgebakend as moontlik te hou, want dan kan hy die verskillende veranderlikes beter kontroleer. Hiervolgens is die mens dit wat waargeneem en gemeet kan word. Dié benaderingswyse lei noodwendig tot 'n verskraalde en dus valse mensbeeld en derhalwe ook tot ongeldige verklarings aangaande die motiewe van die mens. In der waarheid was hierdie reduksionistiese benadering reeds die gevolg van 'n valse mensbeskouing wat as uitgangspunt geneem is. Ons vind dan ook geen uniforme mensbeskouing en benaderingswyse in die gedragswetenskappe nie en gevolglik ook 'n uiteenlopende verskeidenheid beskouinge aangaande die motiewe van die mens.

Hierdie meningsverskille word vererger deurdat die behoeftes, aktiwiteite en motiewe van die mens nie staties is nie, maar wel dinamies en veranderlik. Dit geld nie net vir die individu, by wie verandering vanaf sy jeug dwarsdeur sy lewe plaasvind nie, maar ook vir volke waar verandering korrelerend met beskawingsontwikkeling plaasvind. Hierdie veranderinge vind meesal so geleidelik

plaas dat dit oor die kort termyn onopsigtelik is. Slegs wanneer dit oor die tydsbestek van etlike dekades beskou word, is dit duidelik dat verandering plaasgevind het. Soms vind hierdie veranderinge egter so vinnig plaas, soos byvoorbeeld in die tydsgewig waarin ons nou leef, dat radikale en ingrypende veranderinge in menslike houdings, waardes, beginsels, strewes, motiewe, ensovoorts binne die bestek van enkele jare en selfs enkele maande voorkom. Dit beteken natuurlik geensins dat alle veranderinge verbeteringe is nie. Die teendeel is dikwels waar, aangesien talle veranderinge eerder ontaardend en revolusionêr as veredelend en hervormend is.

Die voorgaande problematiek met betrekking tot motivering bring dan mee dat geen finale en bevredigende verklaring oor dit wat aan menslike gedrag ten grondslag lê, gegee kan word nie, ten spyte van die feit dat die verskillende gedragswetenskappe oor 'n indrukwekkende hoeveelheid gegewens ten opsigte van menslike motiewe beskik. Die gekompliseerdheid van menslike motiewe word treffend deur Allport gekenskets wanneer hy sê: "Motives are almost infinitely varied among men, not only in form but in substance. Not four wishes, nor eighteen propensities, nor any and all combinations of these, even with their extensions and variations, seem adequate to account for the endless variety of goals sought by an endless variety of mortals."

Die gevolg is dat die studie van menslike motiewe in die moderne gedragswetenskappe in 'n groot mate ook 'n studie van teorieë is. 'n Teorie is naamlik 'n poging om 'n aanneemlike verklaring vir 'n verskynsel te bied. Die probleem is egter dat indien daar van 'n valse mensbeskouing uitgegaan word, selfs die voortreflikste denkers nie daarin kan slaag om geldige verklarings oor onder andere die motiewe van die mens te formuleer nie.

In die wetenskaplike literatuur oor motivering vind 'n mens dan ook 'n uiteenlopende verskeidenheid teorieë oor wat die veroorsakende faktore, dryfkragte of motiewe vir die gedrag van die mens is. In dié literatuur vind 'n mens egter selde beredeneerde standpunte vanuit normatiewe gesigspunte oor wat die motiewe van die mens behóórt te wees.

Ek gee dus vervolgens aandag aan

### **3. DIE AARD VAN MOTIVERING**

Die begrip "motiveer" beteken om jouself of iemand anders te beweeg, te aktiveer en te besiel om 'n handeling uit te voer. Die ideaal is voorts dat dié handeling vrywillig en met toewydig, lus en ywer uitgevoer sal word.

Die graad van gemotiveerdheid kan dan ook gesien word as die intensiteit van betrokkenheid by die handeling. Dit impliseer dat die gemotiveerde persoon begerig is om betrokke te wees by die handeling wat afstuur op die verwesenliking van 'n doel wat hy as betekenisvol en belangrik aanvaar het en gevolglik graag wil verwesenlik. Die wil as geestelike lewenskrag of intensionaliteit moet dus geaktiveer en in stand gehou word. Dit impliseer voorts dat daar 'n begeerte, lus of drang opgewek word om die doel te verwesenlik. Motivering hang dan ook nou saam met belangstelling en aanleg vir die handeling en doel. Verder veronderstel gemotiveerdheid dat die persoon sy verantwoordelikhede en moontlikhede ten opsigte van die doelstelling besef en aanvaar en dit bewustelik graag wil aktualiseer.

Motivering dien dus as 'n geestelike dryfkrag na die verwesenliking van 'n bepaalde sinvolle doel. Voorgaande omskrywing sal met sekere voorbehoude natuurlik ock 'n begrip soos behoeftebevrediging, veral ten opsigte van die religieuse en normatiewe behoeftes, kan akkommodeer.

Die geestelike intensionaliteit en begeerte wat tot sinvolle handeling aktiveer of motiveer, is dus by die beskaafde mens hoofsaaklik afhanklik en afkomstig van die verantwoordelike singewing aan en vereenselwiging met die betrokke saak, die onmiddellike en verwyderde doelstellings, asook met die noodsaaklike wilsbesluite en normgebonde keuses wat die handeling voorafgaan en daarmee gepaard gaan.

Dié singewing hang nou saam met die persoon se lewensingewing, soos omvat deur sy lewensbeskouing wat ten diepste deurslaggewend gerig en bepaal word deur sy religieuse verhouding tot God of 'n afgod. Dit word natuurlik ook beïnvloed deur sy verhoudinge tot sy medemens, sy lewensomstandighede en die natuur. Sy verhoudings met medemenses soos sy ouers, onderwysers, werkgewers en vriende oefen byvoorbeeld 'n baie groot invloed uit op die ontwikkeling van sy persoonlikheid, veral ook ten opsigte van sy selfbeeld, sy besef van aanvaarding en betekenisvolheid en dus op sy gemotiveerdheid tot dienslewering aan sy medemens. Binne hierdie hele opset speel die verwesenliking van persoonlike ideale en roeping dus 'n belangrike rol, onder andere die ontwikkeling tot 'n nuttige burger wat nie alleen selfversorgend is en 'n bevredigende beroep beoefen nie, maar wat veral 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die handhawing en verdere ontwikkeling van die Christelike beskawing.

Dié besielde betrokkenheid by sake rig dan 'n appèl aan die persoon om in verantwoordelikheid en toewyding die gepaste handeling uit te voer.

Om deur te dring tot die primêre Christelike motiewe, skenk ek vervolgens aandag aan enkele fundamentele aspekte van die Christelike mensbeskouing.

## **4. CHRISTELIKE PERSPEKTIEF**

### **4.1 DIE SKRIFTUURLIKE MENSBEKOUING**

Die samestelling van die persoonlikheid word ontleed aan die hand van 'n skematiese voorstelling volgens Spier.

Ten eerste moet dit duidelik gestel word dat die mens wesensverskillend van die dier geskape is. Waar die lewelose dinge slegs aan die wette van die eerste vier wetskringe of bestaanswyses tot by die fisiese onderworpe is en daarin subjektief funksioneer, funksioneer plante ook en slegs in die biotiese wetskring van organiese lewe en daarbenewens is diere ook toegerus met 'n sinnelike gevoelsfunksie en daar eindig hul subjektiewe bestaan. Benewens bogenoemde ses funksies het God egter die mens as sy enigste beeldraer en kroon van die skepping beklee met nog nege bo-sinnelike of normatiewe funksies — van die logiese tot die geloofsfunksie. Dit word net by die mens aangetref. Saam verbind vorm dié nege funksies die normatiewe handelings- of aktstruktuur, met die hart as religieuse konsentrasiepunt van die totale persoonlikheid.

Die menslike persoonlikheid kom dus tot uitdrukking in die samehang van al 15 tydelike liggaamsfunksies. Hierin onderskei ons vier liggaamstrukture, naamlik die fisies-chemiese van die opboustrukture, die biotiese van organiese lewe, die

**sensitiewe of psigiese van sinnelike gevoel en die akt- of handelingstruktuur. Onder beheersing van die hart, siel of selfheid lewer die vier strukture, soos deur God op 'n wonderbaarlike wyse saamgevoeg tot 'n enkaptiese struktuurgeheel en eenheid, dan aan die mens sy tydelike persoonlikheidsgestalte, naamlik 'n liggaam-siel-eenheid.**

## **4.2 DIE NORMATIEWE AKTSTRUKTUUR**

**Met betrekking tot die aktstruktuur wil ek kortliks die volgende beklemtoon.**

**Anders as by die dier word die benede-strukture van die mens deur sy aktstruktuur ontsluit, in diens geneem en georden in die struktuur en funksionering van die geheel. Sodoende ontvang ook dié drie substrukture 'n tipies menslike kwalifikasie, aard en bestemming. Die mens is dus nie 'n dier plus iets ekstra nie.**

**Die drange, behoeftes, emosies en ander motiewe wat in die benede-strukture mag ontstaan, word derhalwe aan normatiewe maatstawwe gebind en sentraal vanuit die selfheid beheer en gerig. Sodoende vind ook die drang-, drif- en gevoelslewe van die mens op 'n beskaafde en normgebonde wyse uiting in handeling van die aktstruktuur wat tot uitdrukking kom in die drie grondvorme van ken, verbeel en wil.**

**In enige situasie sal die mens dus bewustelik en intensioneel, onder beheersing van die grondmotief van die hart en in die lig van bepaalde norme, 'n redelike wilskeuse tussen verskillende alternatiewe maak en besluit of hy sal handel en hoe hy sal handel. Hy maak dit dus "sy" handeling en aanvaar verantwoordelikheid vir sy motiewe en daade voor God en sy medemens.**

**In hierdie verband word meesal van 'n vrye wilskeuse gepraat. Die begrip "vryheid" is vir die Christen egter slegs aanvaarbaar as "vryheid binne die wet". Dit gaan dus gepaard met die vrywillige aanvaarding van en gehoorsaamheid aan die eietydse Christelike norme vir elke lewensterrein, asook met bogenoemde verantwoordelikheid vir die motiewe en gevolge van jou doen en late. Die kern van die saak is egter dat die mens oor die vryheid moet beskik om God te kan dien met sy ganse lewe, met ander woorde: vryheid tot godsdiens in die volste sin van die woord.**

**Die wilskeuse van die mens word wel baie sterk beïnvloed deur sy ervaring, sy huidige situasie, sy behoeftes en drange, sy spanninge, konflikte en frustrasies, dog hierdie faktore ten spyte van die wil, onder beheersing van die hart, selfstandig opereer sodat die mens verantwoordelik bly vir sy daade. Daar is natuurlik dikwels versagende omstandighede.**

**Binne die aktstruktuur, onder leiding en gerigtheid van die grondmotief van die selfheid, kom die motivering van die besluit tot 'n handeling dus tot uiting en raak al sy motiewe steeds sentraal sy verhouding tot God of 'n afgod.**

**Vervolgens verwys ek baie saaklik na die**

## **4.3 DIEPTEDIMENSIES VAN DIE AKTSTRUKTUUR**

**As grenslaag tussen die aktstruktuur en die selfheid onderskei Troost eerstens die dimensie van die disposisies. Dit het te make met neigings, geaardheid, aanleg, karaktereienskappe, genormeerde gewoontes en sosiale gedragspa-**

trone. Dit omspan dus 'n groot aantal betreklik konstante faktore wat as motiewe en voedingsbodem vir menslike gedrag dien. As sodanig kan dit gesien word as 'n paraatheid, 'n inisiërende en dinamiese strekking of motief na aktiwiteit wat vanuit die invloedsfere van die substrukture meer of minder kragtig van aard of invloed kan wees.

As diepste dimensie van die aktstruktuur en nou vervleg met die vorige onderskei Troost die etos as die finale grenslaag tussen die selfheid en die liggaamlikheid van die mens. Dit vorm die eerste konstante uitdrukkingsveld van die religieuse aard en posisiekeuse van die hart in die konkrete lewe. Dit vertoon dan ook die betreklik konstante religieuse intensionaliteit wat die persoon se lewensstyl en lewenshouding, asook sy lewens- en wêreldbeskouing kenmerk. In die etoslaag kom die grondmotief van die hart, as die diepste motivering van die mens, dus nader aan die beoordeelbare werklikheid.

Dit bring ons dan by

#### 4.4 DIE RELIGIEUSE DIMENSIE

Die diepste dimensie van die totale persoonlikheid is die religieuse, naamlik die hart, siel, selfheid of ego. Hierin beleef die mens sy diepste selfbewussyn, verantwoordelikheid en motivering en daar word die belewinge, funksies en motiewe saamgevoeg en geïntegreer tot 'n unieke funksionerende veeleenheid. Die hart is dus ook die organiserende, regulerende en motiverende dimensie van die mens. Hieruit en hierdeur transendeer en realiseer die mens hom in sy selfbewussyn, vryheid, verantwoordelikheid en roeping. In die religieuse gerigtheid van die menslike motiewe en handeling word die sinvolheid en Christelikheid al dan nie van sy lewe en strewe dus geopenbaar.

In sy religieuse syn gaan dit dus om die sentrale en fundamentele motiewe, soos dit uitdrukking vind in die intensionele gerigtheid van die selfheid en waardeur hy gestalte, sin en kwaliteit aan sy konkrete lewe gee. Die lewens- en wêreldbeskouing wat veranker is in die hart, sluit vir die Christen in die geheel van die beskouings aangaande die oorsprong, wese, sin en bestemming van die mens en wêreld en hul verhouding tot God en tot mekaar. Die Christen-opvoeder trag dan ook om hierdie beskouinge volledig aan die jeugdige oor te dra, onderwyl hy hom opvoed tot Christelike beskawingsmondigheid of volwassenheid.

Sommige skrywers omskryf die ontwikkeling tot volwassenheid as opvoedingsdoel egter as hoofsaaklik die strewe van die persoon tot selfverwesenliking en selfhandhawing.

Volgens hulle is hierdie totale betrokkenheid van die persoon by die handhawing en ontplooiing van die self die regmatige antropologiese grondvorm van alle motivering. Met die geleidelike ontwikkeling van die self-identiteit word, volgens dié beskouing, die wil om daardie selfbeeld te handhaaf en te ontwikkel in ooreenstemming met bepaalde sosiale (dog meesal selfgesentreerde) standarde, noodwendig al hoe dringender en dus oorheersend in die persoon se lewe. Op humanistiese en deterministiese wyse word die "self" dus sentraal gestel en nie God nie.

Die strewe tot selfverwesenliking en die bereiking van 'n bepaalde ego-ideaal is natuurlik noodsaaklik en aanvaarbaar in Christelike sin indien dié ego-ideaal in ooreenstemming is met Christelike beskawingsmondigheid. Derhalwe moet die



motief en doel met die ontwikkeling van die talente en potensialiteite wat die mens van God in bruikleen ontvang het, wees om sodanig toegerus te word dat die persoon in staat sal wees om sy Christelike roeping op al die terreine van die lewe met toewyding en na die beste van sy vermoë te vervul. Dit mag dus nooit 'n egosentriese strewe tot selfverheerliking, selfverwesening of selfhandhawing wees nie.

#### 4.5 DIE SENTRAAL-RELIGIEUSE GRONDMOTIEF

As die sentrale setel van die beeld van God en die religie wat die liefdesband met God is, is die hart of selfheid van die mens oorspronklik begaaf met die ingeskape drang of motief om sy hele tydelike lewe en strewe toe te spits op die liefdesdiens aan God. Aangesien die liefde tot God die liefde vir sy Bêeld in jou medemens en jouself meebring, is die ganse verskeidenheid van die ordonnansies van God betrek op die sentraal-religieuse liefdegebod: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart . . . Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matt. 22:37, 39).

Dit laat geen ruimte vir enige neutrale lewensfeer, motief of handeling wat aan die sentrale gebod van God onttrek sou kon word nie. Die uitgangspunt en rigtingbepaaldheid van alle motiewe en handelinge lê dus in die religieuse selfheid, met ander woorde die motief wat die mens tot 'n handeling aktiveer en die mikpunt wat hy met dié handeling nastreef, raak steeds sentraal sy verhouding tot God of 'n afgod. 'n Handeling is dus nie slegs onderworpe aan die betrokke modale norme nie, maar staan steeds ook onder aanspraak van die sentrale liefdegebod. Dit geld nie net vir byvoorbeeld die predikant en ouer nie, maar dit geld in gelyke mate vir alle beroepe en lewensterreine en derhalwe ook vir die wetenskaplike, kunstenaar en sakeman. Dit beteken byvoorbeeld dat 'n letterkundige werk vir die Christen nie alleen moet voldoen aan die ware literêre norme wat God daarvoor gewil het (dit wil sê die eietydse Christelike literêre norme) nie, maar dit moet ook strek tot eer van God en die Christelike heil van die mens.

In samehang met dié sentrale gebod kom dus die kultuuroopdrag aan die mens om tot Gods eer en die heil van die mens die natuur te onderwerp en daaroor te heers. Daarom moet die mens alle kragte en moontlikheid wat sluimerend in die skepping lê en wag op ontsluiting deur sy kultuurarbeid tot ontplooiing, aktualisering, verdieping en veredeling bring. Dit geld dus vir alle aktiwiteite en motiewe van die mens: "Of jy dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God" (1 Kor. 10:31).

Dit beteken dat Christus Koning moet wees op elke lewensterrein. Die Koninkryk van Christus — soms ook genoem die Onsigbare Kerk — kom dus in die tydelike bedeling gelykwaardig tot vergestaltung op elke lewensterrein wat op Christus gerig is. So vind ons dan die strewe tot die ontwikkeling van die Christelike huwelik, gesin, kerk, skool, volk, staat, beroep, wetenskap, kuns, vermaak, ensovoorts. Dit verteenwoordig dus die Protestantse verchristeliking van die samelewing teenoor die skolastiese verkerklike en die humanistiese sekularisering daarvan.

Die sentrale liefdegebod impliseer derhalwe 'n religieuse harteliefde vir jouself en jou medemens as beelddraers, geroepenes en tempels van God. Hierdie liefde moet dan ook onderskei word van die modale etiese liefde vir die medemens wat op tydelike liefdebetrekkinge gerig is en tipies gedifferensieerd

is. So byvoorbeeld is die man se liefde vir sy vrou anders geaard as sy liefde vir sy kinders of vir sy ouers of vir sy vriende of vir sy besittings of vir sy beroep.

Die sentraal-religieuse liefdegebod is wel ongedifferensieerd, maar aangesien dit ten nouste vervleg is met die kultuurofdrag en dus met die kultuurgemeenskap of volk, moet die mens, na my mening, ook in sy religieuse liefde met waardering kennis neem van die Godgegewe volkere- en dus kultuurverskeidenheid, nie as 'n droewige, sondige, rassistiese en diskriminerende verskynsel nie, maar as 'n Godgewilde, verrykende, heilsame en daarom noodsaaklike verskynsel. Die volkereverskeidenheid mag dus nie die eenheid van volke in Christus ophef nie, maar aan die ander kant hef die eenheid in Christus ook nie die Godgewilde volkereverskeidenheid op nie.

Dit vorm dan ook die grondslag vir die Afrikaner en seker ook enige ander patriotiese Christen se beskouing oor en die strewe na Christelik-nasionale of volkseie opvoeding, kultuur en beskawingsontwikkeling en daaruit voortvloeiend vir sy strewe tot selfbesikking en 'n eie leefruimte waarin dié Christelike volkseie kultuur kan gedy. Dit moet dus in die eerste plek geskied sodat ons ons kultuurtaak tot eer van God kan nakom, maar dit moet ook geskied om ons sodoende in staat te stel om onder andere betekenisvolle hulp aan ander volke te kan verleen.

Ons is dan ook innig dankbaar dat daar ten spyte van ons vele gebreke, onkunde en meningsverskille gedurende die meer as 3 eeue van ons bestaan in hierdie land ontsaglik baie hulp van hierdie aard verleen kon word en nog steeds verleen word — dink maar net aan ons sending- en onderwysaksie oor meer as 100 jaar tot selfs in Midde-Afrika, ontwikkelingshulp op bykans alle terreine en veral aan die voortreflike bydrae wat ons eie navorsingsinstituut besig is om te lewer.

Die openhartige en besielde strewe tot die bewaring en verdere ontwikkeling en veredeling van die Christelik-nasionale beskawing mag niemand in Christelike sin aanstoot gee nie en is volkome in ooreenstemming met die beoefening van Christelike geregtigheid, verantwoordelikheid en dienslewering aan jou eie volk asook aan ander volkere.

Ons jeug moet dan ook opgevoed word met die besielende besef dat ontsaglik baie op hierdie gebied nog gedoen kan en moet word om ons Christelik-nasionale kultuurroeping ten opsigte van ons eie en ander volkere te vervul. Sodoende kan 'n onmisbare bydrae gelewer word tot die vreedsame naasbestaan van die verskillende volke of nasies in dié subkontinent.

#### 4.6 DIE RELIGIEUSE ANTITESE

As gevolg van die sondeval het Satan 'n greep op die hart van die mens verkry en daarin geslaag om die religieuse dryfkrag of grondmotief van die hart wat nie vernietig kon word nie, van God af weg op die mens self of op iets in die tydelike werklikheid of op Satan self te rig. Hierdeur het die mens dus 'n afgodediens ten prooi geval. Voortaan moet die Christen in die lig van die Skrif onderskei tussen twee teenstrydige of antitetiese dryfkragte of motiewe in die lewe en strewe van die mens.

Eerstens is daar die dryfkrag van die Gees van God, waardeur Christus deur wedergeboorte en bekering die afvallige hart na sy Skepper terugbring. Derhalwe word die sentrale boodskap en opdrag van die Skrif, naamlik die

**liefdesdiens aan God en die heil van die mens, weer die sentraal-religieuse motief van die Christen se daaglikse lewe.**

**Tweedens kry ons, in felle en onverbiddelike stryd met die eerste, die dryfkrag van die bese wat die hart van die mens van God afwend en dit apostaties op 'n afgod rig.**

**Dié antitese sny dwarsdeur die geskape werklikheid en deur die Christen se hart en lewe self ook heen. Dit moet dus volledig verreken word in alle navorsing en teorieë oor die opvoeding, gedrag en motiewe van die mens.**

**Die mens word naamlik nie alleenlik gebore met 'n onontslote persoonlikheid nie, maar ook met 'n bedorwe natuur. Hy kan dus nie bloot uit homself deur middel van interaksie met 'n gunstige omgewing en aanpassing daaraan kom tot onder andere ontsluiting, kennis en aanvaarding van Christelike lewensnorme en motiewe en dus tot mondigheid nie. Die versorging en opvoeding of omhoogleiding deur toegeruste opvoeders is dus noodsaaklik. Vir dié doel moet die kind gesien word as verbondskind, beeldraer en geroepene van God wat deur God toegerus is met talle voortreflike maar onontslote geestelike en fisieke gawes en behoeftes wat ontsluit en ontwikkel moet word.**

**In dié proses moet natuurlik, met behoud van die primêre Christelike motiewe wat saaklik hierbo aangedui is, ook van talle ander gesonde opvoedkundige prosedures en motiveringstegnieke gebruik gemaak word om die jeugdige te motiveer tot maksimale inspanning, ontwikkeling en dienslewering, soos byvoorbeeld beloning, straf, kompetisie, prestasie-motivering, uitdagings, kreatiwiteit, inspirasie, die besielende voorbeeld, ensovoorts. Die voorwaarde is egter dat dit alles veranker moet wees aan en gerig word deur die sentraal-religieuse motief, anders kan dit nie waarlik bydra tot Christelike mondigheid nie.**

**Dié opvoeding word natuurlik primêr nagestreef met die oog op die eindbestemming van die mens as burger van die Hemelse Koninkryk van Christus. Die kind moet egter ook so opgevoed word dat hy op weg na sy eindbestemming in staat sal wees om in die tydelike bedeling sy kultuurtaak as Christelike Koningkryksarbeid in liefde en toewyding te verrig. Alleen so kan hy leef tot eer van God en tot heil van homself en sy medemens.**

**Gewoonlik is ons in die opvoedende onderwys hoogs tevrede indien die kind hardwerkend en pligsgetrou is en volgens vermoë goed presteer. Tog is dit in Christelike sin glad nie voldoende nie. Die redes en motiewe waarom hy hardwerkend is en presteer moet naamlik suiwer wees. Die korrekte en toepaslike Christelike motiewe moet dus by die kind ingeskerp, geaktiveer en in werking gestel word. Anders mag die kind eëndag by die finale beoordeling van sy Skepper verneem dat hy wel die hele wêreld of byvoorbeeld 'n wetenskap verower het, maar aan sy siel skade gely het omdat dit nie ter wille van God gedoen is nie. Met so 'n kind het ons dan totaal misluk, want hy kan nie die finale toets slaag om sy eindbestemming te bereik nie.**

**Ten slotte wil ek in die lig van die voorgaande saaklik dog krities aandag skenk aan enkele van die invloedrykste deterministiese teorieë ten opsigte van motivering. Dit verteenwoordig die verabsoluttering van die natuurpool of wetenskapspool van die humanistiese grondmotief van natuur en vryheid. 'n Ander rigting wat in die jongste tyd al sterker op die voorgrond tree, is die humanistiese indeterminisme wat weer die verabsoluttering van die vryheids-**

pool of persoonlikheidsideaal van die humanistiese grondmotief verteenwoordig. Ons tref dit nie net in die tradisioneel Westerse liberalistiese denkrigtings aan nie, maar veral ook in die neo-Marxisme se anti-otoritêre pedagogiese teorie en praktyk wat net so onaanvaarbaar is as die determinisme. Ek gee egter slegs aandag aan laasgenoemde.

## **5. ENKELE DETERMINISTIESE TEORIEË TEN OPSIGTE VAN MOTIVERING**

### **5.1 DIE NATURALISTIESE DETERMINISME**

Deterministiese beskouing aangaande die gedrag en motiewe van die mens word in 'n verskeidenheid van vorme aangetref. Ek sal eerstens aandag skenk aan die naturalistiese determinisme in die gedragswetenskappe.

Dit is, soos die naam aandui, 'n uitvloeisel van die naturalisme waar die fisiese modaliteit verabsoluteer en die natuurwette tot ewige wette van die kosmos verklaar word. Hiervolgens het alles wat gebeur 'n natuurlike oorsaak en wel volgens 'n natuurwetmatige of deterministiese oorsaaklikheidsbeginsel. Daar word dan gepoog om alle verskynsels by stowwe, plante, diere en mense volgens hierdie naturalistiese beskouing te verklaar.

Talle toonaangewende wetenskaplikes op die terrein van die gedragswetenskappe trag naamlik volgens prof. Bijkerk om die komplekse en vrywel onbekende struktuur van die mens se persoonlikheid en motivering op 'n reduksionistiese en naturalistiese wyse te verklaar deur die postulering van 'n klein aantal sogenaamde basiese of natuurlike kragte wat volgens hulle universeel in alle lewende organismes gevind word. Hulle beweer voorts dat ook die mens totaal gedetermineer word deur dié basiese dryfkragte in al sy behoeftes, motiewe, besluite en aktiwiteite.

Die sogenaamde "hoër" funksies by die mens word verklaar as transformasies, manifestasies of sublimerings van dié kragte of energiebronne. Ook godsdiens en moraal word gesien as 'n evolusionêre uitgroei van hierdie sogenaamde basiese of natuurlike kragte. Die Godsbef is byvoorbeeld bloot 'n transformasie van die vaderbeeld en die eienskappe wat die gelowige aan God toeskryf, is bloot uitdrukkings van die mens se behoeftes. Alle geloofskennis is subjektief en is gebaseer op bygeloof en vooroordeel en is dus totaal onbetroubaar en ongeldig aangesien dit nie getoets, gekontroleer en as waar bewys kan word nie.

Volgens hierdie beskouing is die mens 'n organisme waarvan die funksionering volgens 'n natuurwetmatige energiesisteem verloop. As sodanig is hy die slaaf van sy organiese behoeftes, drange en instinkte. Wanneer 'n tekort naamlik in die liggaam ontstaan, ontwikkel 'n drang, behoefte of instink om die tekort aan te vul. Dit veroorsaak die opwekking van energie, wat die ewig versteur en 'n onaangename spanningstoestand laat ontstaan. Dié energie vorm dan die dryfveer of motief wat die organisme tot aktiwiteit aanspoor, naamlik om die behoefte te bevredig. Dit sal dan die energie en spanning ontlaai en die ewig of homeostatiese balans herstel sodat die organisme in 'n aangename toestand van rus kan verkeer.

Professore Cofer en Appley wat 'n omvattende studie van eertydse en kontemporêre teorieë ten opsigte van motivering gemaak het, kom aan die einde van hul lywige werk tot die samevattende gevolgtrekking dat motivering gesien kan word as die organisme se strewe om sy ewig te herstel. In hierdie

verband postuleer hulle die volgende twee meganismes waarmee die organisme opereer om sy ewewig te herstel, naamlik sinnelik-opgewekte en antisipierend-opgewekte energiereaksies. Die organisme ontleaai dus sy energie en spanning deur 'n aantal basiese tipes van funksionering wat hy vir dié doel ontwikkel het.

Wanneer te veel psigiese energie vrygestel word in die bewussyn, word die oormaat byvoorbeeld getransformeer in 'n langtermyn doelwit, 'n besondere belangstelling, 'n morele of 'n godsdienstige strewe, ensovoorts.

Al die komplekse aspekte van die hoër geestesfunksies en motiverings word dus, na hul mening, bevredigend verklaar op 'n funksionele, deterministiese en reduksionistiese wyse: dit dien slegs die doel om onaangename spanning te verlig, pyn en ongemak te vermy en positief te strewe na geluk en genot, byvoorbeeld deur behoeftebevrediging.

Alle ongewenste gedragssimptome word toegeskryf aan onsuksesvolle pogings tot spanningsverligting. Die terapeut se taak is dus om hulp aan die pasiënt te verleen om nuwe, suksesvolle tegnieke te ontwikkel om sy motiewe en spanning rasioneel te analiseer, te verwerk, te hanteer en dus die spanning te verlig; anders volg wanaanpassing en gedragsafwykinge noodwendig.

Die mens word dus ook gesien as die slagoffer van omstandighede en 'n slagveld van strydende interne en eksterne kragte waaroor hy weinig beheer het. Hy kan dan ook nie verantwoordelik gehou word vir sy dade en wanfunksioneringe nie, maar moet slegs gehelp word om weer suksesvol te funksioneer.

Die skuldgevoel wat dikwels sentraal figureer by gedragsafwykinge, word gesien as die verteenwoordiger van geheel en al negatiewe energie wat suksesvolle aanpassing en funksionering belemmer. Dit is dus 'n siekte waarvan ontslae geraak moet word. Die pasiënt moet slegs beseft dat sy skuldgevoel natuurlike oorsake het, byvoorbeeld onredelike of bekrompe eise van die samelewing wat geïnternaliseer is as gewete, dan sal hy van sy skuldgevoel ontslae raak en gevolglik verligting van spanning ervaar.

Misdaad, anti-sosiale gedrag, pligversaking, opstandigheid, ongehoorsaamheid, ensovoorts is slegs psigologiese wanfunksies wat genees moet word. Godsdienstige, morele en sosiale motiewe, standaarde en norme is slegs goed en heilsaam indien hulle daartoe bydra om die individu te help om meer suksesvol te funksioneer en spanning te vermy of doeltreffend te weerstaan en te verlig. Indien dit spanning vermeerder, byvoorbeeld deur 'n skuldgevoel en frustrasies, moet dit geanaliseer en weggeredeneer word, of dit moet aanpasbaar aan die situasie gemaak word, byvoorbeeld soos met die sogenaamde situasie-etiek.

Vir die ingeskape religieus-normatiewe struktuur en aard van die menslike persoonlikheid, sy bedorwe natuur, berou en verlossing is daar dus geen ruimte in hierdie beskouing van die mens nie. Intendeel word verklaar dat die bewussynsprosesse soos wilskeuses, motivering, liefde, geloof, ideale, ensovoorts asook waarneembare gedrag gedetermineer word deur faktore en dryfkragte waaroor hy geen beheer het nie, byvoorbeeld deur biotiese impulse, organiese behoeftes en drange, instinkte, spanningstoestande, konflikte, inhibisies en versteurde ewewig.

Voorgaande beskouinge vind ook sterk neerslag in die positivistiese behaviourisme, wat onder leiding van J.B. Watson as reaksie teen die metode van

introspeksie ontstaan het. Hul standpunt is dat gedrag hoofsaaklik deur die omgewing gedetermineer word en sterk klem word gelê op die studie van slegs die uiterlik waarneembare vorme van gedrag en wel volgens die natuurwetmatige eksperimentele metode. In die vorm van neo-behaviourisme wat ook die invloed van intellektuele funksies en selfgerigtheid op gedrag erken en bestudeer, oefen dié benadering tans nog groot invloed in veral Amerika uit.

Die kriterium vir aanvaarbaarheid van motiewe in die bostaande beskouinge is dat dit moet lei tot suksesvolle funksionering, aanpassing en verligting van spanning en dus tot die verkryging van genot en geluk. Dié beskouinge is dus onaantoonbaar weens die naturalistiese, deterministiese, reduksionistiese en hedonistiese aard daarvan. In teenstelling daarmee moet die hiërargiese orde van motiewe omgekeer word aangesien die mens nie vanuit sy substrata gedetermineer word nie, maar wel gedring word deur motiewe en behoeftes vanuit sy religieuse en normatiewe dimensies. Ten diepste moet die liefde vir Christus dan ook die mens dring om sy kultuuropdrag uit te voer.

Vervolgens word die hedonistiese teorie kortliks bespreek.

## 5.2 DIE HEDONISTIESE TEORIE

Volgens hierdie teorie word alle opdrag van die mens veroorsaak en oorheers deur die genotsprinsipe. Die motief vir gedrag is dus hoofsaaklik die strewe ener syds na dit wat genot kan verskaf, soos gemak, ledigheid, rykdom, behoeftebevrediging en verligting van spanning. Andersyds sal die strewe ook wees die vermyding van pyn, spanning, ensovoorts.

Die strewe na geluk en die vermyding van die onaangename is natuurlik normaal en dit mag en behoort 'n sterk bydraende en meegaande faktor by gedrag te wees, veral in die sin van arbeidsgenot en arbeidsvreugde, dit wil sê die ervaring van innerlike genoegdoening by suksesvolle voltooiing van betekenisvolle arbeid en insgelyks ook die vermyding van 'n onaangename skuldgevoel en aanklag van die gewete wat andersins ervaar sou word.

Geluk is dus die neweproduk en eindresultaat van dit wat nagestreef word. Die Christen mag dan ook nooit genot primêr as doel op sigself nastreef nie. In plaas daarvan moet die sinvolle, die normatiewe en die verantwoordelike in Christelike sin nagestreef word. Dan sal die vreugde van die arbeid nie agterweë bly nie; trouens, dit gaan daarmee gepaard. Dit is dan ook in ooreenstemming met die Bybelse woorde: "Soek eers die Koningryk van Gbd en Sy geregtigheid en al dié dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matt. 6:33).

## 5.3 DIE PSIGO-ANALITIESE TEORIE

Freud se teorie, dié van die sogenaamde psigo-analise, is een van die invloedrykste teorieë ten opsigte van die verklaring van menslike gedrag — in so 'n mate dat sommige wetenskaplikes Freud beskou as een van die vyf mense wat die grootste invloed op die menslike denke gehad het. Dit is dan ook die rede waarom ek kortliks aan sy teorie aandag skenk.

In sy teorie het Freud veral beslag gegee aan begrippe soos "onderbewussyn" en "psigo-seksualiteit". In sy verklaring van gedrag verskuif hy die klem van die bewussyn na die sogenaamde onderbewussyn, van die rasionele na die irrasionele en voorts van biotiese determinisme na psigiese en seksuele determinisme.

Volgens Freud bestaan die persoonlikheid uit drie hoofstrukture, naamlik die Id, die Ego en die Superego. Die Id of onderbewussyn is die oorspronklike sisteem van die persoonlikheid waaruit die twee strukture van die bewussyn, naamlik die Ego en die Superego, dan sou differensieer. Dit is dus 'n volslae evolusionistiese siening van die mens, sonder erkenning van die skepping van die mens deur God as 'n religieus-normatiewe wese.

Die Id bestaan volgens Freud uit die totale psigiese erfenis van die mens, met inbegrip van die instinkte en dié motiewe wat weens hul onaanvaarbaarheid na die onderbewussyn verdring is. Die Id verteenwoordig as sodanig die innerlike wêreld van subjektiewe ervaring met geen kennis van die objektiewe realiteit nie. Verder is die Id die bron van al die psigiese energie, wat die dryfkrag vir die Ego en Superego tot aktiwiteit voorsien.

Vir Freud is instinkte die basiese motiverende faktore. Die mens word dus hoofsaaklik vanuit die irrasionele onderbewussyn gemotiveer en die bewussyn, as slegs die sigbare punt van die spreekwoordelike ysberg, speel 'n baie ondergeskikte rol in die veroorsaking van gedrag.

'n Onbevredigende instink of drang laat psigiese energie opbou wat as 'n onaangename spanningstoestand ervaar word. Die organisme strewende dan daarna om die pyn en ongemak te vermy en die genot van bevrediging en spanningsverligting te ervaar. Dit is dus ook 'n totaal hedonistiese beskouing van motivering en gedrag.

Volgens Freud kan alle instinkte in twee hoofgroepe ingedeel word, naamlik Lewensinstinkte of Eros en Doodsinstinkte of Thanatos. Die doodsinstink wat hy beklemtoon, is aggressie en die lewensinstink waaraan hy by verre die meeste aandag wy, is die geslagsdrang. Psigo-seksualiteit is so oorbeklemtoon dat beweer is dat alle vorme van gedrag by alle mense noodwendig baie sterk seksuele komponente het.

Freud se teorie moet dus vanuit 'n Christelike standpunt verwerp word vanweë die evolusionistiese, psigo-seksuele, hedonistiese en irrasionele aard daarvan. Ten slotte wil ek net ten opsigte van laasgenoemde, dit is die irrasionele onderbewussyn, enkele besware opper.

Daar word naamlik 'n deterministiese funksionele outonomie aan die onderbewussyn toegeken. Dit word feitlik as 'n tweede selfheid beskou wat die mens voortdurend en onbewus motiveer, sonder dat die persoon in die minste bewus is van die aard en oorsprong van sy motiewe. Daar word ook geen duidelike onderskeid gemaak tussen die sogenaamde onbewuste en die geheue nie.

Indien ons argumentsonthalwe aanvaar dat daar binne die aktstruktuur onderskei kan word tussen 'n bewuste bolaag en 'n onbewuste of liefse 'n voorbewuste onderlaag, bly dit 'n spekulatiewe hipotese wat nie afdoende bewys kan word nie. Ons moet dan ook met Smit saamstem dat hier in elk geval geen sprake kan wees van 'n strukturele en funksionele tweedeling of gespletenheid nie. God het die mens naamlik oorspronklik goed geskape sonder die minste moontlikheid of noodwendigheid van 'n irrasionele disharmonie en tweedeling. In die oorspronklike staat van sondeloosheid was die mens dus ten volle verantwoordelik vir sy motiewe en dae en derhalwe kon daar geen sprake gewees het van teenstrydighede vanuit 'n stuwende, ongenormeerde, irrasionele en onpeilbare onbewuste nie.

Die sogenaamde gespletenheid kan ook geensins toegeskryf word aan die

invloed van die sondeval nie. Die sonde het naamlik die kern van die bewúste, dit is die hart of selfheid, verdorwe en werk vandaar af deur na die hele persoonlikheid. Indien die sonde dan 'n besondere houvas op die onbewuste het, kan dit alleen via die hart geskied en dit beteken dat die onbewuste moet oopstaan vir die bewuste selfheid en dus geen ónbewuste kan wees nie.

'n Aanvaarbare standpunt is volgens sommige dat die onbewuste of voorbewuste minstens aanvanklik, dit is voor die sondeval, opgestaan het vir die bewussyn en 'n noodsaaklike steunvlak vorm wat die kontinuïteit van die bewuste waarborg. Dit vorm dus deel van die religieus-gerigte en normgebonde eenheid van die persoonlikheid en moet derhalwe die veelsydige normgehoorsaame ontsluiting van die bewuste persoonlikheid weerspieël. Indien sommige van mening is dat daar as gevolg van die sondeval 'n permanente breuk gekom het tussen die bewuste en die voorbewuste, waardeur laasgenoemde 'n irrasionele onbewuste sonder normatiewe sensor geword het, moet onder andere die volgende besware geopper word:

Eerstens werk die sonde volgens die Skrif verwoestend maar nie vernietigend nie. Die hiërgiese onderskikking en die funksie om die normgebonde kontinuïteit van die bewussyn te waarborg, moet dus in die nuwe onderlaag behoue bly, alhoewel op gebroke wyse. Dit kan dus weer eens geen irrasionele en ongenormeerde onbewuste wees nie. Voorts is die soenverdiens van Christus volkome. By die wedergeboorte en bekering van die mens móét die oorspronklike ongesonde toestand van die onderlaag dus volkome herstel word. Dit beteken 'n radikale strukturële verandering en dié wesensverskil bestaan nie tussen die Christen en die onbekeerde mens nie.

Ons moet dus saam met Smit tot die konklusie kom dat die mens, as ontsaglik ryk toegeruste religieuse wese en met 'n normatiewe keusevryheid, se lewensmotivering nie reduksionisties en deterministies verklaar kan word vanuit sy onbewuste of sy onderdrukte drange en instinkte of sy substrate nie, want dan, gedetermineer deur 'n reeks faktore waaroor hygeen beheer het nie, is hy onvry en nie verantwoordelik en toerekenbaar voor God nie en dit is geheel en al onaanvaarbaar vir die Christen.

## **6. SLOTPERSPEKTIEF**

Die tydsgewrig waarin ons leef met sy probleme, ontaarding en meningsverskille op bykans alle lewensterreine, onder andere as gevolg van deterministiese, liberale en revolusionêre invloede wat onrusbarend toeneem, sal baie hoë eise stel aan die verskillende opvoedingsinstellings, met inbegrip van die tersiêre, om naamlik deur maksimale taakvervulling ons jeug op te voed en te besiel of te motiveer vir die groot taak wat op hulle wag. Hulle moet byvoorbeeld nie noodwendig streef na 'n identiteit soos dit is of was nie, maar na een soos dit behoort te wees. Daar moet naamlik ontwikkel word tot ware Christelike beskawingsmondigheid en dus tot 'n Christelike volkslewe in die volste sin van die woord. Om dit te vermag, is die besielende oordrag van die Christelike-nasionale lewensbeginsels en motiewe as bron van inspirasie en volgehoue ywer onontbeerlik. Sodoende sal ons as opvoeders kan meehelp dat ons jeug sal opgroeï as lewensblye, begeesterde en daadkragtige Christene wat met dankbaarheid, moed, geloof en verantwoordelikheid die uitdagings van die huidige tydsgewrig en die toekomst die hoof sal kan bied. Sodoende sal hulle in staat wees om tot die eer van God voortreflike diens te lewer op alle lewensterreine aan hul medemens en hul volk asook aan ander volke met wie ons 'n besondere lotsverbondenheid aan die suidpunt van Afrika beleef.



Ten slotte, meneer die Vise-reektor, wil ek graag van dié geleentheid gebruik maak om die Raad van die Universiteit, asook alle ander persone wat daarmee gemoed was, hartlik te bedank vir die vertrouwe wat u in my gestel het om my in dié verantwoordelike betrekking aan te stel. Ek hoop en vertrou dat ek dié vertrouwe altyd waardig sal wees, want ek glo dat die Here wat my tot hiertoe gelei het, my ook die krag en genade sal gee om my taak met ywer en in ooreenstemming met die Christelike beginsels en motiewe, sommige waarvan in hierdie rede beklemtoon is, te verrig.

Graag rig ek ook 'n opregte woord van dank aan professore Fourie, Pretorius, Van Loggerenberg en Preller, asook aan talle ander Christendekers vir die aandeel wat hulle in my akademiese ontwikkeling gehad het.

Ten slotte is dit vir my 'n behoefte van die hart om 'n woord van diepe erkentlikheid en dank uit te spreek teenoor my vrou Elsa en ons kinders, asook my ontslape ouers, my eie familie en my skoonfamilie vir hul liefde, inspirasie, ondersteuning en opoffering. Daaronder sou my lewe haas ondenkbaar wees.

Ek dank u vir u teenwoordigheid en welwillende aandag.

## BIBLIOGRAFIE

- Atkinson, J.W.: *An Introduction to Motivation*, Princeton, New York, 1964.
- Beck, R.C.: *Motivation: Theories and Principles*, Prentice-Hall, New York, 1978.
- Bergan, J.R. & Dunn, J.A.: *Psychology and Education*, Wiley, New York, 1976.
- Blair, G.M. et al.: *Educational Psychology*, MacMillan, New York, 1962.
- Cofer, C.N. & Appley, M.H.: *Motivation: Theory and Research*, John Wiley, London, 1968.
- Dooyeweerd, H.: *Wat is die Mens*, Sacum, Bloemfontein, 1969.
- Geldenhuys, B.P.: *Die Persoonlikheidsteorie van Freud*, Academica, Pretoria, 1966.
- Geldenhuys, B.P.: *Motivering*, Academica, Pretoria, 1975.
- Hall, C.S. & Lindzey, G.: *Theories of Personality*, John Wiley, London, 1957.
- Kalsbeek, L.: *De Wijsbegeerte der Wetsidee*, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970.
- Kuyper, A.: *Inleiding in de Sielkunde*, J.H. Kok, Kampen, 1953.
- Malan, J.H.: Die Grondtrekke van die Christelik-nasionale Lewens- en Wêreld-beskouing van die Afrikaner, *Korrespondensieblad*, V.C.H.O., Maart 1974.
- Pretorius, J.L.: *Opvoedkundige Sielkunde*, Nasou, Bloemfontein, Ongedat.
- Schoeman, P.G.: *Grondslae en Implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie*, Sacum, Bloemfontein, 1975.
- Schoeman, P.G.: *Wysgerige Pedagogiek*, Sacum, Pretoria, 1983.
- Smit, J.H.: *'n Krities-wysgerige Ondersoek van die Dieptesielkunde*, D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1971.
- Spier, J.M.: *Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte*, Sacum, Bloemfontein, 1972.

Strauss, H.J.: *Christelik-Nasionaal en C.N.O.*. Sacum, Bloemfontein, 1969.

Strauss, H.J.: Die Grondslag van ons Staatkundige Ontwikkeling, *Handhaaf*, Junie 1972.

Vernon, M.D.: *Human Motivation*, Cambridge, London, 1969.

Wilson, J.A.R. *et al.*: *Psychological Foundations of Learning and Teaching*, McGraw-Hill, New York, 1969.